

### BOODSKAP VAN DIE HOOFBEAMPTTE



In die Hoofbeampte se nuutste verslag word die hoof kwessies wat pensioenfondse nou en in die toekoms gaan beïnvloed bespreek.

#### Betrokkenheid deur die FSCA in 2019



- Regulasies
- Riglyn 8
- Raadgewende kennisgewing
- Gedragsriglyn
- Kommentaar
- Ontwikkeling in wetgewing

#### U affreegeld



Die Raad van Trustees het uit die inligting wat aan hulle beskikbaar is waargeneem dat lede oor die algemeen nie genoeg spaar vir hulle aftrede nie

#### KENNISGEWING AAN WERKNEMERS

##### Wanneer u, u werk verlaat:

1. U kan steeds die waarde van u fonds op die Acravest toep sien.
2. Voltooi 'n kennisgewing van onttrekking dokument om te verseker dat u geld nie onopgeëis bly nie.
3. Neem kennis dat u finale bydrae moet geskied voor ons kan begin om u eis te verwerk.



#### KENNISGEWING AAN WERKGEWERS

##### Oor- en onderbetaling



Ons kan nie u bydraes verwerk indien u betaling nie ooreenstem met die totaal op die bydrae skedule vir die betrokke maand nie.

### 'N PAAR GEDAGTES OOR BELEGGINGS EN DIE EKONOMIE



Daar word verwag dat internasionale ekonomieë in die volgende jaar 'n matige afname in groei gaan toon. Die Suid-Afrikaanse ekonomie sukkel steeds om positiewe ekonomiese groei te toon.



Die beleggingsbestuurders wat vir die fonds aangestel is het goeie opbrengste gelewer die afgelope boek jaar vergeleke met hul eweknieë in die bedryf.



Die langtermyn doelwitte wat vir die portefeuljes gestel is, is steeds nie bereik nie



Die Fondse se beleggingskomitee is tevrede met die prestasie van die beleggingsbestuurders van die Fonds.

### ACRAVEST TOEP



Indien u nie kan inteken nie - maak asseblief seker dat u die nuutste weergawe van die toep geïnstalleer het



## VAN DIE WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

Volgens die inligting deur die pensioenfondsendministrateur voorsien op 3 Desember 2019, was die ouderdomsverspreiding van die lede van die AP Kerk Pensioenfonds op 31 Oktober 2019 soos volg:

25 - 30 jaar	3 lede
31 - 40 jaar	21 lede
41 - 55 jaar	44 lede
56+ jaar	24 lede

### Vraag: Hoeveel aftrekapitaal is nodig om 'n sorgelose aftrede te kan voorsien?

Die logiese antwoord is: voldoende kapitaal om ten minste jou volle finale pensioendraende salaris (bydraende inkomste), so asof jou salaris voldoende was... te kan voorsien. Hou in gedagte dat jou dertiende tjek of bonus, asook byvoordele, onmiddellik met aftrede wegval.

Die volgende twee riglyne om vas te stel hoeveel pensioen u by aftrede gaan ontvang kan onder andere toegepas word:

- Volgens die vorige vaste voordele-benadering is pensioen voorsien teen 2% per pensioengewende aaneenlopende jaar, m.a.w. as jy 30 aaneenlopende jare bygedra het, bereken die riglyn 60% van jou finale salaris as pensioen.
  - om 100% van jou finale salaris as pensioen te kan ontvang, moet jy minstens 50 jaar aaneenlopende pensioengewende jare diens gehad het.
- Volgens die huidige vaste bydrae-benadering word pensioen aangekoop volgens die lewende annuïteit - of lewensannuïteitmodel en word pensioen onttrek teen 'n koers van tussen 2.50% en 17.50%.
  - 'n Lewende - of beleggingsgekoppelde annuïteit:
    - besluit jyself in watter effekterustfondse (Regulasie 28 van die Pensioenfondswet in ag genome) jy wil belê;
    - jy kies om tussen 2.50% en 17.50% te onttrek;
    - by afsterwe vererf die oorblewende kapitaal na jou erfgename;
    - daar is geen waarborg van opbrengs en gevolglik geen waarborg van inkomste nie;
    - groei in belegging is belastingvry. Pensioen wat uitbetaal is egter belasbaar;
    - jy kan na 'n lewensannuïteit oorskakel op 'n latere stadium in jou lewe.

- 'n Lewensannuïteit:
  - 'n Lewensannuïteit betaal 'n gewaarborgde bedrag pensioen uit vir solank jy leef, ongeag wat in die mark gebeur;
  - jy kan bykomende waarborge uitneem, soos dat die kapitaal aan jou boedel uit betaal as jy binne vyf of tien jaar (jou keuse) te sterwe kom;
  - jy kan 'n enkellewe-annuïteit koop, of een wat aan jou gade oordra by jou afsterwe, totdat sy te sterwe kom;
  - jy kan 'n inkomste kies wat solank jy leef dieselfde bly, of wat laer begin en met inflasie styg;
  - jy kan nie van keuse verander nie en buite vir die waarborge uitgeneem, val die oorblewende kapitaal die versekeraar toe by afsterwe.

Bg. illustreer maar net dat dit raadsaam is om 'n kenner (*maak seker die persoon is by die FSCA geregistreer*) op die terrein van pensioenfondse te nader wanneer keuses uitgeoefen word.

Die administrateur het 'n hulpmiddel geskep Mind the Gap, waarmee die lid deurlopend kan bereken of voldoende voorsiening gemaak word. In die model kan projeksies, deur sekere veranderlikes toe te pas, gemaak word. Hierdie hulpmiddel is beskikbaar wanneer u aanlyn inskakel d.m.v. u rekenaar of selfoon op u pensioenportefeulje.

#### **Vraag: Hoe word my moeitevol bymekaargemaakte affrekapitaal na affrede beskerm?**

Voor affrede was daar 'n Werkgewer, 'n Waaksaamheidskomitee, 'n Administrateur, 'n Beleggingskomitee en 'n Pensioenfondswet wat as **wagters op die mure** funksioneer het.

**Wie** gaan u wagters op die mure na affrede wees?

Die opsies wat aan die lid met affrede beskikbaar is, is die volgende:

- die advies wat deur Multi Professionele Dienste, met wie die Waaksaamheidskomitee gekontrakteer het, aangebied word;
- deur na affrede bloot voort te gaan by Acravest, die Pensioenfondsadministrateur, in dieselfde beleggingsportefeulje wat bestaan het voor affrede. Die portefeulje verkeer steeds onder toesig en kontrole van die Beleggingskomitee wat deur die Trustees van die Sambreelpensioenfonds (iRetire) aangestel is;
- Die lid kies sy/haar eie adviseur en beweeg uit die "bekende" omgewing uit.

Kies jou wagters op die mure met affrede, en die tyd daarna, baie versigtig.

#### **Ten slotte:**

lets om van kennis te neem in die keuse van u wagters op die mure...

- Die **waarde van my affrekapitaal** (Lidbelang) op 'n bepaalde moment, word beïnvloed deur die bateklassamestellingverhouding [*plaaslik en internasionaal gekose: aandele, effekte, eiendomme, kontant, afgeleide instrumente ens.*];
- Die **groei van my affrekapitaal** word beïnvloed deur hierdie bateklassamestellingverhouding gedurende en oor 'n tydperk;
- Die bateklassamestellingverhouding word beïnvloed deur **mikro (plaaslike) en makro (internasionale) ekonomiese gebeure en tendense**;
- Die volhoubaarheid van my affrekapitaal word beïnvloed deur die **onttrekkingskoers** (2.50%-17.50%) jaarliks op besluit, sowel as die **beleggingsopbrengskoers**.
- Na affrede kan versorgingsnood en/of skielike mediese agteruitgang oor nag, na my mening, 'n wesentlike impak op u affreeposisie hê.

## BOODSKAP VAN DIE HOOFBEAMPTTE

In die hoofbeampte se nuutste verslag word die hoof kwessies wat pensioenfondse nou en in die toekoms gaan beïnvloed bespreek. Hierdie kwessies word verder in die lys hieronder bespreek en u kan meer daaroor lees op ons webtuiste ([www.iretire.co.za/newsletters](http://www.iretire.co.za/newsletters))



### Betrokkenheid deur die FSCA in 2019

- **Regulasies:**
  - Die verstek regulasies (Pensioenfonds Wet) het op 1 Maart 2019 in werking getree.  
Hierdie verstek regulasies bied lede toegang tot beleggings-, voorsorg-, en annuïteits opsies wat deur die Raad van Trustees ontwerp is, asook raadgewers deur die Trustees beskikbaar gestel. Hierdie regulasies poog om lede teen hoë kostes en swak advies te beskerm.
- **Riglyn 8:**
  - 'n Verbod op die ontvangs van geskenke.  
Hierdie riglyn verseker objektiewe oorweging wanneer dit kom by sake wat die bestuur van die fonds raak en verseker dus beter bestuur oor lede se belange.
- **Raadgewende kennisgewing:**
  - Volhoubaarheid van beleggings.  
Hierdie kennisgewing moedig Trustees aan om na meer as net risiko en wins te kyk wanneer hulle besluite neem oor beleggings deur byvoorbeeld die impak van hul beleggingsbesluite op die omgewing te oorweeg.
- **Gedragriglyn:**
  - Minimum vaardigheids- en opleidingsvereistes vir raadslede van pensioenfondse.  
Die Reguleerder poog om die gehalte van bestuur van pensioenfondse te verbeter deur minimum vaardigheids-vereistes vir die Raad van Trustees daar te stel.
- **Kommentaar: FSCA 2019 konferensie**
  - Konsolidasie van pensioenfondse, diversiteit, kostes, waarde proposisie en deursigtigheid.  
Die Reguleerder streef daarna om die verskaffingskant van die bedryf meer vaartbelyn te maak deur 'n meer gekonsolideerde bedryf, met 'n verskeidenheid produkte wat 'n beter waarde proposisie aan lede bied
- **Ontwikkeling in wetgewing**
  - 'n Konsep-weergawe van die Gedrag van Finansiële Instellings Wet is in Desember 2018 gepubliseer vir kommentaar  
Hierdie wet spreek standarde vir kliëntediens in die hele finansiële dienste bedryf aan. Standarde vir pensioenfonds dienslewering word ook hierby ingesluit.

### U affreegeld:

Die Raad van Trustees het uit die inligting wat aan hulle beskikbaar is waargeneem dat lede oor die algemeen nie genoeg spaar vir hulle aftrede nie. Die Raad wil beklemtoon dat dit uiters belangrik is vir lede van die Fonds om bewus te wees van hul spaar-doelwitte en die moontlike tekort in kapitaal by aftrede. Die Raad wil lede aanmoedig om die Acravest Toep (spesifiek die "Mind the GAP" funksie) te gebruik om te bepaal wat die stand van sake is wanneer dit kom by 'n moontlike kapitaal tekort by aftrede. Die Toep laat lede toe om ander spaargeld by hul pensioengeld te voeg om sodoende 'n realistiese resultaat te verkry. Die toep gee ook raad oor stappe wat lede kan neem om te verseker dat hul verwagtinge vir aftrede realiseer.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die beste resultate wanneer dit by aftree-spaargeld kom bereik word wanneer u vroeg in u lewe u aftree spaargeld begin bestuur. Beplanning en bestuur van 'n spaarplan is die lid se verantwoordelikheid en die Fonds poog om aan die lid die nodige hulpmiddels te voorsien, soos die toep, om die lid hiermee by te staan. U kan Acravest kontak indien u leiding nodig het met die bestuur van u spaarplan.

## KENNISGEWING AAN WERKNEMERS

### Wanneer u, u werk verlaat:

1. U kan steeds die waarde van u fonds op die Acravest toep sien (Gebruik dieselfde inteken inligting).
2. Voltooi 'n kennisgewing van onttrekking dokument om te verseker dat u geld nie onopgeëis bly nie.
3. Neem kennis dat u finale bydrae moet geskied voor ons kan begin om u eis te verwerk. Byvoorbeeld:



*Indien u laaste dag die 31<sup>ste</sup> Desember is, moet die Desember bydraes eers verwerk word (Dit moet voor die 14<sup>de</sup> van elke maand gedoen word - in hierdie geval die 14<sup>de</sup> Januarie). Sodra die bydraes verwerk en die vereiste dokumente ontvang is, sal u eis binne 14 besigheidsdae verwerk word.*

Onthou dat u, u geld in die Fonds kan hou of na 'n ander Fonds kan oordra (indien beskikbaar). (Verwys na nuusbrief 12 - verstek-opsies, vir meer inligting)

## KENNISGEWING AAN WERKGEWERS



**Oor- en onderbetaling** – Ons kan nie u bydraes verwerk indien u betaling nie ooreenstem met die totaal op die bydrae skedule vir die betrokke maand nie. Ons kan nie bydraes verwerk indien die betaling onvoldoende is nie. Indien u te veel betaal het, sal ons u kontak om navraag te doen of die geld terug betaal moet word (indien dit 'n groot bedrag is) en of die geld vir die volgende maand se bydraes gebruik moet word.

## 'N PAAR GEDAGTES OOR BELEGGINGS EN DIE EKONOMIE



Daar word verwag dat internasionale ekonomieë in die volgende jaar 'n matige afname in groei gaan toon. Die Suid-Afrikaanse ekonomie sukkel steeds om positiewe ekonomiese groei te toon. Ekonomieë wat groei bied gewoonlik aan beleggers geleenthede vir groei waarin daar belê kan word. Sulke geleenthede raak skaars in ekonomiese omstandighede waar ekonomiese groei besig is om af te neem.

Alhoewel Suid-Afrikaanse maatskappye groot geldreserwes het, is dit steeds belangrik vir die Regering om te verseker dat toestande gunstig is om sodoende vertroue en beleidsekerheid te verhoog sodat hierdie geld in die plaaslike ekonomie belê word.

Die Beleggingsbestuurders wat vir die Fonds aangestel is het goeie opbrengste gelewer die afgelope boek jaar vergeleke met hul eweknieë in die bedryf. Die langtermyn doelwitte wat vir die portefeuljies gestel is, is steeds nie bereik nie aangesien die markte waarin belê word nie die groei bied wat verwag word wanneer dit vergelyk word met die risiko wat geneem word om in hierdie markte te belê nie. Bekwame beleggingsbestuurders is wel besig om bateklasse te vind wat die prestasie verbeter.

Die Fonds se beleggingskomitee is tevrede met die prestasie van die beleggingsbestuurders van die Fonds oor die afgelope boek jaar.

## **U moet 'n beleggings besluit maak wanneer u nader aan aftrede kom:**

*Bly in die aggressiewe beleggingsfonds (huidiglik Sasfin Prudential) – Doelwit: Langtermyn hoë groei.*

*Skuif na middelmatige beleggingsfonds (huidiglik Sasfin Balanced) – Doelwit: Stabiele groei.*

Al twee fondse belê in dieselfde bateklasse (aandele, effekte, eiendomme) – plaaslik en internasionaal, maar in verskillende verhoudings. Die aggressiewe beleggingsfonds het meer aandele blootstelling as die middelmatige beleggingsfonds aangesien aandele, alhoewel meer wisselvallig in die kort termyn, die bate is wat oor die lang termyn beter groei lewer. Die verwagting is dus dat die aggressiewe beleggingsfonds meer wisselvallig as die middelmatige beleggingsfonds sal vertoon.

U Pensioenplan bied aan u die opsie om 'n maandelikse pensioen binne die Fonds te neem wanneer u aftree. So 'n strategie skuif u beleggings horison uit en gee u die geleentheid om die langtermyn groei potensiaal in die aggressiewe fonds te benut. Indien u egter op aftrede u bates tegelde wil maak en elders wil belê, en u aftreedatum is 5 jaar of minder van nou af, sou dit beter wees om na die middelmatige fonds te skuif.

Oor die lang termyn (7+ jaar) behoort die aggressiewe fonds beter te presteer as die middelmatige fonds, omdat daar verwag word dat aandele meer sal groei as ander bateklasse oor die lang termyn.

Kontak asseblief die adviseur vir enige verdere verduideliking of hulp rondom die keuse.

---

## **KONTAK ONS**

 [www.acrvest.com](http://www.acrvest.com)

 (012) 941 9927

 [info@iretire.co.za](mailto:info@iretire.co.za)

### **Vind ons op sosiale media**

